



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

INGENIEURSGRAFIKA EN -ONTWERP

RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE (HERSIEN)

GRAAD 12

2020

Hierdie riglyne bestaan uit 26 bladsye.

INHOUDSOPGAWE

1. INLEIDING	3
AFDELING A (RIGLYNE VIR DIE ONDERWYSER)	4
2. STRUKTUUR VAN DIE PAT VIR IGO	4
3. ADMINISTRASIE VAN DIE PAT	5
4 ASSESSERING EN MODERERING VAN DIE PAT	6
4.1 Assessering	6
4.2 Moderering	6
4.3 Verklaring van Egtheid	7
5. GEVOLGTREKKING	7
AFDELING B (LEERDERTAKE)	8
6. PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK 1 (PAT 1)	9
'n Siviele ontwerpprojek	9
7. PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK 2 (PAT 2)	16
'n Meganiese ontwerpprojek	16
8. BYLAE A: ASSESSERINGSRUBRIEK	23
9. VEREENVOUDIGDE RUBRIEK VIR TOEKENNING EN VERIFIKASIE VAN PUNTE	24
10. PAT 2020: SUMMATIEWE ASSESSERINGSTAAT (HERSIEN)	25
11. VERKLARING VAN EGTHEID	26

1. INLEIDING

Die volgende 17 Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring-vakke wat 'n praktiese komponent bevat, sluit almal 'n praktiese assesseringstaak (PAT) in.

- LANDBOU: Landboubestuurswetenskappe, Landboutegnologie
- KUNS: Dansstudies, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek, Visuele Kunste
- WETENSKAPPE: Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie en Tegniese Wetenskap
- DIENSTE: Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme
- TEGNOLOGIE: Ingenieursgrafika en-ontwerp, Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie en Meganiese Tegnologie

'n Praktiese assesseringstaak (PAT) is 'n verpligte komponent van die finale promosiepunt vir alle kandidate ingeskryf vir vakke wat 'n praktiese komponent het en tel 25% (100 punte) van die eksamenpunt aan die einde van die jaar. Die PAT word oor die eerste drie kwartale van die skooljaar geïmplementeer. Dit word in verskillende fases of 'n reeks kleiner aktiwiteite afgebreek wat saam die PAT opmaak. Die PAT bied leerders die geleentheid om op 'n gereelde basis gedurende die skooljaar geassesseer te word en dit maak ook voorsiening vir die assessering van vaardighede wat nie in 'n geskrewe formaat, bv.. toetse of eksamens, geassesseer kan word nie. Dit is dus belangrik dat skole seker maak dat al die leerders die praktiese assesseringstake binne die toegelate tydperk voltooi om te verseker dat leerders aan die einde van die jaar hulle uitslae ontvang. Die beplanning en uitvoering van die PAT verskil van vak tot vak.

AFDELING A (RIGLYNE VIR DIE ONDERWYSER)

2. STRUKTUUR VAN DIE PAT VIR IGO

Aangesien die Ingenieursgrafika en -ontwerp-(IGO-) **PAT** 'n **verpligte nasionale formele assesseringstaak** is wat 25% (d.w.s. 100 punte) tot die leerder se finale NSS-punt bydra, is dit in wese die **derde NSS-eksamenvraestel** van IGO. AL die voorleggingsvereistes moet dus nagekom word en, met die uitsondering van die vereiste navorsing, dit moet by die skool onder toesig van die IGO-onderwyser voltooi word. Elke leerder moet die PAT individueel voltooi en AL die voorleggings moet sy/haar eie, oorspronklike werk wees.

Die primêre doel van die IGO-PAT is om inhouds- en konseponderwerpe, wat nie in die eksamenvraestelle geassesseer word nie, te assesseer. Dit is:

- Die ontwerpproses
- Die toepassing van die ontwerpproses
- Die kwaliteit en netheid van vryhand-, instrument- en ROT/'CAD'-tekeninge

Die IGO-PAT is dus ontwerp om 'n leerder se vermoë om kennis te integreer en toe te pas, te ontwikkel en om verworwe vaardigheidsvlakke en vaardighede te demonstreer.

Die insluiting van die PAT in IGO gee die leerder 'n geleentheid om verworwe kennis op 'n kreatiewe manier deur die ontwerpproses toe te pas.

Die leerder kry die geleentheid om die PAT te voltooi in 'n omgewing wat bevorderlik is vir die kreatiewe proses. Hierdie omgewing behoort dus die leerder makliker toegang gee tot 'n groter verskeidenheid bronmateriaal as wat in 'n formele eksamen beskikbaar sou wees.

Die verskillende komponente van die IGO-PAT gee die leerder 'n geleentheid om, deur die voorlegging van die vereiste tekeninge, die vlak van tekenvaardigheid wat in al die toepaslike tekenegniese bereik is, te demonstreer. Elke IGO-PAT bestaan uit TWEE dele:

- **DEEL A:** Die ontwerpproses
- **DEEL B:** Die werks- en prenttekene

DEEL A van beide PAT'e vereis dat die leerder 'n duidelike begrip van die ontwerpproses toon en dit kan toepas. As deel van die ontwerpproses moet die leerder die volgende kan doen:

- Ontleed die gegewe scenario en formuleer 'n ontwerpdrag. Sluit 'n lys met spesifikasies, beperkings en 'n bestuursplan in as deel van die ontwerpdrag
- Doen toepaslike navorsing
- Gebruik die navorsing om analities en grafies 'n aantal idees/konsepte/oplossings te genereer deur uitgebreide vryhandtekene
- Kies 'n finale oplossing wat 'n duidelike begrip van die ontwerpdrag toon
- Lewer duidelike bewyse van deurlopende selfevaluering tydens die ontwikkeling van die PAT

DEEL B van beide PAT'e vereis dat die leerder 'n hoë vlak van kennis en begrip van die konsepte en inhoud van Ingenieursgrafika en -ontwerp deur die voorlegging van ortografiese werkstekene en prenttekene moet demonstreer en daarvan bewys lewer.

DEEL A en DEEL B van beide PAT'e gee die leerder ook die geleentheid om te demonstreer dat 'n hoë vlak van bevoegdheid en vaardigheid in die volgende tekenmetodes bereik is:

- **Vryhandtekene**, met potlood voorberei
- **Instrumenttekene**, met potlood voorberei
- **ROT-tekene**, voorberei met behulp van 'n ROT('CAD')-program

TWEE praktiese assesseringstake (PAT'e) word by hierdie dokument ingesluit:

- PAT 1 is 'n taak in die konteks van siviele tegnologie, met 'n elektriese komponent
- PAT 2 is 'n taak in die konteks van meganiese tegnologie

Elke leerder moet, onder leiding van die onderwyser, **EEN** van die PAT'e kies.

Elemente waaruit die PAT-punt vir Ingenieursgrafika en -ontwerp bestaan

ELEMENTE VAN DIE PUNT VIR DIE PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK	
Die ontwerpproses	25%
Die korrektheid van die werkstekene en prenttekene	50%
Die tekenmetodes (vryhand, instrument en ROT/'CAD')	25%
TOTAAL	100%

3. ADMINISTRASIE VAN DIE PAT

Die onderwyser moet aan die begin van die akademiese jaar toesien dat elke graad 12-leerder 'n afskrif van die hele AFDELING B van die PAT-dokument ontvang.

Elke fase moet voltooi word voor die aanvang van fase-moderering in die tweede en derde kwartaal, en provinsiale moderering in die derde en vierde kwartaal.

Die fases van die PAT moet dus binne die volgende tye voltooi word:

- FASE 1: Ontwerpproses (voltooi teen die einde van Kwartaal 1)
- FASE 2: Voorleggingstekene (voltooi teen die einde van Kwartaal 2)
- FASE 3: Voltooiing van portefeulje (voor die aanvang van provinsiale moderering in Kwartaal 3 of op die laaste voor die aanvang van die voorbereidende eksamen)

Alhoewel die fases **siklies** of in **bloktye** gedoen kan word, soos in die KABV aangedui, word daar aanbeveel dat **een volle dag** per kwartaal, bv. as 'n ekstra vraestel gedurende die Junie-eksamen, vir elke fase toegeken word.

Die onderrigtyd wat aan die voltooiing van al drie fases van die PAT toegeken kan word, is tussen 12 uur en 16 uur. Bykomende nie-onderrig kan egter ook vir die voltooiing van die PAT by die skool toegeken word, maar die totale maksimum tyd vir die voltooiing van al die fases van die PAT moet NIE meer as 20 uur duur NIE.

Om te verseker dat die PAT binne die bepaalde tydraamwerk voltooi word, is dit noodsaaklik dat die onderwyser aan die begin van die jaar vir die leerders 'n PAT-pasaangeër/bestuursplan met teikendatums opstel. Dit sal leerders help om hul eie vordering te monitor en onderwysers om ingrypingsprogramme op te stel.

LET WEL:

- AL die voorleggingsvereistes van die geselekteerde PAT moet nagekom word en, met uitsondering van die vereiste navorsing, **by die skool onder leiding en toesig van die onderwyser voltooi word**. Nienakoming van hierdie opdrag sal as 'n eksamen-onreëlmatigheid beskou word.
- Dit is die **onderwyser se verantwoordelikheid** om toe te sien dat elke leerder se PAT op 'n toepaslike graad 12-vlak en kompleksiteit is.

4. ASSESSERING EN MODERERING VAN DIE PAT

4.1 Assessering

Die assessering van die PAT moet volgens die toepaslike assesseringskriteria en kontrolelys wat ingesluit is, gedoen word.

Gereelde ontwikkelingsterugvoering is nodig om leiding te gee en ondersteuning te bied, en om te verseker dat elke leerder op die regte pad is. Beide formele en informele assessering moet dus deurlopend tydens die ontwikkeling van die PAT gedoen word. Informele assessering kan deur die leerder, leerders of deur die onderwyser gedoen word.

Die onderwyser moet egter AL die formele assessering doen en die punte op die amptelike puntestate aanteken. Elke leerder se punte **moet** egter ook op die amptelike 2020 SUMMATIEWE ASSESSERINGSTAAT, d.w.s. bladsy 25 van hierdie dokument, in die leerder se PAT-portefeulje aangeteken word.

Die finale formele assessering moet afgehandel word voor die aanvang van provinsiale/finale moderering of, op die laaste, voor die voorbereidende eksamen in Kwartaal 3.

Sodra AL die PAT'e geassesseer en gemodereer is, **moet** die onderwyser AL die PAT'e vir eksterne modereringsdoeleindes hou. AL die PAT'e moet ook vir die tydperk soos deur die provinsiale onderwysdepartemente bepaal, by die skool gehou word.

Verduideliking van vlakbeskrywers en die verifikasie van punte:

- **1 punt-vlakbeskrywer:**
Hierdie vlakbeskrywer word gebruik vir **elementêre/basiese voorleggingsvereistes en/of tekenfunksies/-kenmerke**, en moet soos volg toegepas word:
 - '0' (nul) moet toegeken word indien nie aan die vereiste voldoen is nie, of as die voorlegging/aanbieding daarvan verkeerd is.
 - 1 punt mag **slegs** toegeken word indien aan die vereiste voldoen is en die voorlegging/aanbieding daarvan korrek is.
- **2 punt-vlakbeskrywer:**
 - '0' (nul) moet toegeken word as die vereiste nie ingesluit/getoon is nie, of as die voorlegging/aanbieding van die vereiste **minder as 30%** bewyse van kennis toon, of as die vereiste baie swak is.
 - 1 punt moet toegeken word as die voorlegging/aanbieding van die vereiste ten minste **30% of meer** bewyse van kennis toon, of die vereiste NIE volledig of heeltemal korrek, voldoende en/of duidelik is nie.
 - 2 punte mag slegs toegeken word as die voorlegging/aanbieding van die vereiste ten minste **80% of meer** bewyse van kennis toon en die vereiste volledig en korrek, voldoende en duidelik is.
- **7 punt-vlakbeskrywer:**
Verwys na die 7 punt-rubriek op bladsy 45 van die KABV-dokument vir die vlakbeskrywers. Dit impliseer dat 'n **'7' slegs toegeken kan word** as die voorleggingsvereiste(s) **100% korrek/voldoende** is, d.w.s. uitstaande en foutloos.
- **Verifikasie van ALLE finale punte uit 10:**
Elke finale punt uit 10 moet geverifieer volgens die beskrywers in die rubriek op bladsy 24 van hierdie dokument. Dit impliseer dat 'n **'10' slegs toegeken kan word** as die voorleggingsvereiste(s) **100% korrek/voldoende** is, d.w.s. perfek en foutloos.

- **Afronding van punte:**
Elke punt uit 10 moet afgerond word **voordat** dit vasgelê word.

4.2 Moderering

Die moderering van die PAT moet volgens die toepaslike assesseringskriteria en kontrolelyste gedoen word.

Monitering en/of moderering van die PAT kan **op enige stadium van die proses** plaasvind. ALLE voltooide voorleggingsvereistes van die PAT moet te alle tye by die skool beskikbaar wees. Die volgende skoolgebaseerde en provinsiale moderering moet egter gedurende Kwartaal 2 en 3 gedoen word om voorsiening te maak vir ingrypingsprogramme:

- Fase 1: Ontwerpproses (begin van Kwartaal 2 voor die aanvang van FASE 2 of voor die Junie-eksamen)
- Fase 2: Voorleggingstekene (begin van Kwartaal 3 voor die aanvang van FASE 3)

Provinsiale moderering moet afgehandel wees **voor** die aanvang van nasionale/Umalusi-moderering, of aan die einde van die derde week van Kwartaal 4.

Die moderator sal gedurende die modereringsproses die PAT-portefeuljes wat gemodereer moet word, willekeurig kies. Om die proses van finale provinsiale moderering te vergemaklik, moet die onderwyser 'n voltooide puntestaat(-state) en 'n merietelys(te) aan die moderator voorsien.

Leerders kan gedurende die modereringsproses gevra word om die funksies en werksbeginsels van 'n ROT/'CAD'-program te verduidelik en om tekenvaardighede te demonstreer deur die uitvoering van vaardigheidstake.

4.3 Verklaring van Egtheid

AL die leerders en die onderwyser moet die Verklaring van Egtheid, soos op bladsy 26 van hierdie dokument uiteengesit, voor die finale indiening van die PAT voltooi.

LET WEL:

Slegs die amptelike 2020 SUMMATIEWE ASSESSERINGSTAAT, die voltooide VERKLARING VAN EGTHEID en toepaslike KONTROLELYS mag by die leerder se voltooide PAT-portefeulje ingesluit word.

5. GEVOLGTREKKING

Na voltooiing van die praktiese assesseringstaak moet leerders in staat wees om hulle begrip van die ontwerpproses te demonstreer, hulle kennis, vaardighede, waardes en redenasievermoëns te verbeter, en ook betrekkinge buite die klaskamer te vestig en uitdagings in die wêreld daar buite aan te durf. Die PAT ontwikkel verder leerders se lewensvaardighede en gee hulle die geleentheid om by hulle eie leerervarings betrokke te wees.

AFDELING B (LEERDERTAKE)**Algemene inligting en instruksies:**

- Die IGO-PAT 'n verpligte nasionale formele assesseringstaak wat 100 punte tot jou finale Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) -punt bydra.
- Hierdie dokument bevat die volgende TWEE PAT-scenario's
 - PAT 1: 'n Siviele ontwerpprojek, met 'n elektriese komponent
 - PAT 2: 'n Meganiese ontwerpprojek
- Jy, die leerder, moet onder leiding van jou onderwyser EEN van die PAT-scenario's wat in hierdie dokument vervat is, kies en voltooi.
- AL die aanbiedingsvereistes van die geselekteerde PAT moet nagekom word en, met die uitsondering van die navorsing, by die skool onder leiding en toesig van jou onderwyser voltooi word.
- Alhoewel die deel van kennis en inligting toelaatbaar is, moet die PAT individueel voltooi word en AL die voorleggings, insluitend die voorblad en inhoudsopgawe, moet jou eie oorspronklike werk wees.
- Die PAT moet in fases en binne die gegewe tydraamwerk van jou onderwyser se PAT-pasaangeër/bestuursplan voltooi word.
- ALLE vryhandtekene en instrumenttekene moet met potlood voorberei word.
- Die PAT moet 'n toepaslike hoër-orde-graad 12-kompleksiteit hê.
- Die PAT sal geassesseer word volgens die relevante assesseringskriteria en kontrolelyste, wat by hierdie PAT-dokument ingesluit is.
- Die toepaslike kontrolelyste moet gebruik word om duidelike bewys van deurlopende selfevaluering te lewer.
- Slordige en onnet werk, sowel as die laat indiening van voorleggingsvereistes, sal gepeenaliseer word.

6. PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK 1 (PAT 1)

'n Siviele ontwerpprojek

Scenario

'n Klein gedeelte van 'n plaas langs Distrikspad 45, HOEWE 17, is vir wooneenhede gehersoneer. Aangesien die plaas naby baie toeriste-aantreklikhede en 'n dorp met belangrike nuwe nywerheidsontwikkeling is, is die kliënt wat die gedeelte van die plaas gekoop het, van plan om TWEE soortgelyke selfsorghuise op die eiendom te bou. Die huise moet ontwerp word vir gesinne wat nie net die gebied besoek nie, maar ook vir gesinne wat van plan is om vir 'n lang tyd daar te bly terwyl hulle hul permanente woning in die dorp gereed kry.


Daar is twee ou silo's (silindriese strukture wat gebruik is om graan op te gaar) wat buite diens gestel is op die eiendom. Hierdie silo's bestaan uit 200 mm dik baksteenmure en is 7 m hoog met 'n buitenediameter van 6,4 m. Die kliënt het versoek dat die silo's by die ontwerp van die huise geïnkorporeer word. Om esteties by die ontwerp van die huise in te pas, moet die silo's se hoogte verlaag word tot 'n hoogte van nie minder nie as 4 m. Venster- en deuropeninge mag in die silo's se mure gesny word.

Aangesien die kliënt wil hê dat die twee huise spieëlbeelde van mekaar moet wees, het jy die opdrag gekry om volgens die gegewe spesifikasies 'n voorgestelde ontwerpopplossing vir slegs EEN van die huise te verskaf.

Albei huise se hoofingange moet noord front. Elke huis moet bestaan uit drie slaapkamers, twee badkamers en 'n groot area vir 'n oopplankombuis en -sitkamer. Toegang tot die silo mag slegs vanaf die sitkamer wees en moet as 'n onthaalarea gebruik word en 'n ingeboude vuurput ('fire pit') hê. 'n Bedekte en verhoogde houtstoep moet langs die volle lengte van die noordelike kant van die huis loop en langs een van die sykante voortgaan. Die sitkamer en hoofslaapkamer moet skuifdeure hê wat na die stoep oopmaak. Daar moet ingeboude kaste in elk van die slaapkamers wees. Daar moet 'n motorafdak vir twee motors aan die huis aangebring word. Die huis en silo moet 'n toepaslik ontwerpde dak met 'n sinkplataafwerking hê. Die totale oppervlakte van die huis, die silo en die stoep ingesluit, maar die motorafdak uitgesluit, mag nie 180 m² oorskry nie.

Die kombuis moet ingeboude kaste hê en voldoende werksoppervlakke vir toestelle en die voorbereiding van voedsel. Daar moet plek vir 'n gasstoof en 'n yskas wees. Daar moet ook voorsiening gemaak word vir 'n oppervlakte of area waar ses of meer mense kan gaan sit om te eet. Die een badkamer moet 'n en suite-badkamer vir die hoofslaapkamer wees, en die ander een moet die twee kleiner slaapkamers bedien. Albei badkamers moet uit 'n stort, wasbak, toilet en bad bestaan. Al die kamers en areas moet voldoende elektriese beligting en skakelkragpunte hê. Skoon water sal deur die hoof- munisipale voedingslyn aan die terrein verskaf word, en die afvalwater van die twee huise sal afgevoer word in die hoofrioollyn wat onder die distrikspad loop.

Die kliënt het ook versoek dat 'n gedetailleerde uiteensetting van die onthaalarea, wat alle toebehore en meubels toon, by die vloerplan van die ontwerpopplossing ingesluit moet word.



Gegewe: Die terreinplan van HOEWE 17

FASE 1 VOORLEGGINGSVEREISTES

- Ontleed die gegewe scenario en formuleer 'n ontwerpdrag in twee paragrawe:
 - Die eerste paragraaf moet, in jou eie woorde, 'n kort agtergrond van die projek bevat, asook 'n gedetailleerde en uitgebreide beskrywing van wat ontwerp moet word.
 - Die tweede paragraaf moet, in jou eie woorde, 'n duidelike oorsig gee van jou rol in die projek, sowel as die ontwerpproses wat jy gaan volg om by 'n voorgestelde oplossing uit te kom.

Sluit die volgende uit die scenario en jou onderwyser se bestuursplan **in as deel van die ontwerpdrag**:

- Identifiseer en maak 'n lys van 'n minimum van TWINTIG spesifikasies.
- Maak 'n lys van 'n minimum van VYF moontlike beperkings.
- 'n Bestuursplan, wat teikendatums vir die voltooiing van elke voorleggingsvereiste spesifiseer.

- Doen navorsing oor:
 - Uitlegte en ontwerpe van oopplankombuise en -sitkamer-areas
 - Ontwerpe en konstruksiedetail van effens verhoogde houtstoepe met dakke
 - Uitlegte en ontwerpe van onthaalareas met ingeboude vuurputte ('fire pits')

LET WEL:

- Die navorsing moet relevant wees en moet daarom hoofsaaklik in die vorm van grafiese materiaal wees, d.w.s. prente en/of illustrasies.
- Bewyse van AL die vereiste navorsingsmateriaal moet by die PAT-portefeulje ingesluit word.

- Die aanbieding van die navorsingsmateriaal moet esteties aangebied word en mag NIE VIER A4- of TWEE A3-bladsye per onderwerp oorskry NIE.
 - Daar moet duidelike bewyse wees dat die navorsing in jou voorgestelde ontwerp oplossing gebruik is.
 - Sluit 'n lys in van ALLE verwysings wat gebruik is. (Bibliografie)
3. Berei netjiese gedetailleerde vryhandtekene vir die uitleg voor, d.w.s. vloerplan, van TWEE moontlike ontwerp oplossings vir EEN van die voorgestelde nuwe huise. Elke vryhandtekening moet die korrekte voorlegging van AL die geboukenmerke, die permanente toebehore, die stoep, die motorafdak, die daklyne sowel as die primêre afmetings en byskrifte toon. Die berekening van die totale oppervlakte van die huis, wat die silo en stoep moet insluit, moet duidelik in 'n tabel op die tekenvel van elke vryhandtekening getoon word.

LET WEL:

- Elektriese toebehore en afvalwater-afvoerstelsels (riolering) word NIE op die vryhandtekene vereis NIE.
 - Blokkies-/Grafiekpapier moet gebruik word om die vryhandtekene te genereer sodat AL die kenmerke en toebehore in verhouding geteken word. Bewyse van die gebruikte blokkies-/grafiekpapier moet by die PAT-portefeulje ingesluit word.
 - Al die tekeninge moet aan die *SANS 10143-riglyne* voldoen.
 - Hierdie tekeninge moet duidelike bewys lewer dat 'n hoë vlak van bevoegdheid in **vryhandtekene** behaal is.
4. Kies die beste oplossing, wat 'n diepgaande begrip van die scenario binne die konteks van die ontwerpdrag, spesifikasies en beperkings sal demonstreer.

Evalueer en vergelyk die TWEE vryhandoplossings op 'n aparte bladsy deur:

- Die opstel van 'n tabel met 'n minimum van SES beskrywende kriteria
- Die opstel en toepassing van 'n eenvoudige graderingskaal om elke oplossing volgens elke kriterium te beoordeel
- Om elke punt te regverdig deur die positiewe en/of negatiewe aspekte van elke oplossing volgens elke kriterium te beskryf

Voltooi die proses deur 'n uitgebreide opsomming te skryf, met redes vir die geselekteerde vryhandoplossing. Die opsomming moet ook insluit of daar enige laat veranderinge aan die geselekteerde vryhandoplossing aangebring is.

FASE 2 VOORLEGGINGSVEREISTES

5. Bied die geselekteerde oplossing aan as 'n stel werkstekene (5.1 en 5.2) wat aan die volgende kriteria voldoen:
- Al die werkstekene moet op tekenvelle van toepaslike grootte, wat met korrekte rame/omrandings voorberei is, aangebied word. SLEGS die tekenblad van die eerste werkstekening (d.w.s. vir 5.1.1) moet met 'n volledige siviele titelpaneel opgestel word.
 - Die tekeninge moet duidelike bewys lewer dat 'n hoë vlak van bevoegdheid in die volgende vereiste tekenmetodes bereik is:
 - Instrumenttekening
 - ROT (Rekenaarondersteunde Tekening/Ontwerp)
- LET WEL:**
- EEN hele werkstekening (d.w.s. 5.1.1, 5.1.2 en 5.1.3 **OF** 5.2) moet met tekeninstrumente voorberei word en die ander met 'n ROT/'CAD'-program.
 - Skole wat nie ROT/'CAD'-fasiliteite het nie, moet al die vereiste tekeninge (5.1, 5.2) met behulp van tekeninstrumente voorberei.
- Die titelpaneel en AL die werkstekene moet aan die *SANS 10143-riglyne* voldoen.
- 5.1 Teken, volgens 'n gepaste skaal/skale, gedetailleerde uitlegtekeninge van die geselekteerde vryhandoplossing van die volledige huis, wat die silo, stoep en motorafdak insluit, en duidelik al die nodige boukenmerke toon.

Die uitlegtekeninge moet die volgende DRIE ortografiese aansigte toon:

5.1.1 Die VLOERPLAN

5.1.2 'n DEURSNEEAANSIG(TE), wat die besonderhede van die dak, 'n deur en 'n venster van die nuwe huisegedeelte, asook die bedekte houtstoep toon

5.1.3 EEN AANSIG, wat 'n gedeelte van die stoep en rioolbesonderhede sal toon

Sluit die volgende by ALLE relevante aansigte in:

- Die dakbesonderhede van die huis, die silo en die stoep, sowel as die daklyne
- ALLE permanente toebehore
- 'n Gedetailleerde uitleg van die onthaalarea binne die silo
- ALLE elektriese toebehore en die bedradingsbesonderhede
- Afvalwater-afvoerstelsels (riolering)
- Titels, byskrifte en aantekeninge
- Skaal/Skale
- Gedetailleerde afmetings
- Snyvlak(ke)
- Alle arseringsbesonderhede
- Noordpunt

5.2 Teken 'n gedetailleerde TERREINPLAN vir die projek volgens 'n geskikte skaal.

Sluit die volgende in:

- AL die gegewe algemene terreinbesonderhede en -kenmerke van HOEWE 17
- Die posisie van albei nuwe huise
- ALLE opritte en die uitleg van die landskap
- ALLE rioolbesonderhede
- Elektriese toevoer
- Skaal
- Afmetings, insluitend die verwysings- of uitlegafmetings en hoekhoogtes
- Noordpunt

FASE 3 VOORLEGGINGVEREISTES**Skep 'n PAT-portefeulje wat die volgende bevat:**

- 'n Volledige voorblad
- 'n Inhoudsopgawe
- Die 2020 SUMMATIEWE ASSESSERINGSTAAT (sien bladsy 25)
- Die voltooide VERKLARING VAN EGTHEID (sien bladsy 26)

Sluit die volgende voorleggingvereistes vir FASE 1 en FASE 2 by die PAT-portefeulje in na die VERKLARING VAN EGTHEID:

1. AL die ontwerpdragvereistes
2. Bewyse van AL die hulpbronmateriaal wat vir die vereiste navorsing gebruik is
3. Die TWEE vryhandtekene van die moontlike ontwerp oplossings
4. Al die bewyse vir die keuse van die beste oplossing
5. AL die nodige werkstekene (5.1 en 5.2)
6. Gebruik die ingeslote kontrolelys (assesseringskriteria), duidelike bewyse van deurlopende selfevaluering en die voldoening aan die sperdatums tydens die ontwikkeling van die PAT, in ooreenstemming met die bestuursplan

LET WEL:

Sluit die volgende op elke bladsy in:

- Duidelike nommering volgens die nommers van die voorleggingvereistes
- Jou (die leerder se) naam
- Die datum van voltooiing en indiening

Assesseringskriteria en kontrolelys vir die 2020 IGO Siviele PAT

- Die SUMMATIEWE ASSESSERINGSTAAT op bladsy 25 van die PAT-dokument moet gebruik word om die finale totale uit 10 vir elke assesseringskriterium aan te dui.
- Die bydrae van elke aspek van die PAT is soos volg:
 - Die ontwerpproses, d.w.s. voorleggingvereistes nommers 1, 2, 3, 4, 6 en 7, sal 25 punte tot die finale PAT-punt uit 100 bydra
 - Die werkstekene en die prenttekening, d.w.s. voorleggingvereiste nommer 5, sal 50 punte tot die finale PAT-punt uit 100 bydra
 - Tekenmetodes, tekenvaardighede en voorlegging, wat volgens BYLAE A geassesseer moet word, sal 25 punte tot die finale PAT-punt uit 100 bydra

ASSESSERINGSKRITERIA EN KONTROLELYS VIR DIE 2020 IGO SIVIELE PAT (HERSIEN)							
1 punt-vlak-beskrywer	0	Voldoen nie aan vereiste nie of verkeerd voorgelê			Gekontroleer	Voorgestelde punte/toekening	Eie punte/aantekeninge/kommentaar
	1	Daar is aan vereiste voldoen en/of korrek voorgelê					
2 punt-vlak-beskrywer	0	Voldoen nie aan vereiste nie, of minder as 30% bewyse van kennis getoon (swak)			Gekontroleer	Voorgestelde punte/toekening	Eie punte/aantekeninge/kommentaar
	1	Vereiste ingesluit en ten minste 30% + bewyse van kennis getoon (gemid.)					
	2	Voorlegging toon ten minste 80% of meer bewyse van kennis (baie goed)					
1. Ontwerpdrag							
1.1	1 ^{ste}	paragraaf: agtergrond en uitgebreide beskrywing van wat ontwerp moet word				2	
1.2	2 ^{de}	paragraaf: jou rol en die ontwerpproses wat jy gaan volg				2	
1.3		'n Lys van 'n minimum van TWINTIG van die gegewe spesifikasies uit die scenario				2	
1.4		'n Lys van VYF moontlike beperkinge uit die scenario				2	
1.5		'n Bestuursplan met teikendatums vir AL die voorleggingsvereistes				2	
					TOTAAL	10	
2. Navorsing (Dit moet tot 'n maksimum van VIER A4- of TWEE A3-bladsye per onderwerp beperk word.)							
Relevante en bruikbare navorsing oor:	2.1	Uitlegte en ontwerpe van oopplankombuise en sitkamerareas				2	
	2.2	Ontwerpe & konstr.besonderhede van effens verhoogde houtstoepe met dakke				2	
	2.3	Uitlegte & ontwerpe van onthaalareas met ingeboude vuurputte				2	
				Duidelike bewyse dat die navorsing in jou voorgestelde ontwerpopslossings gebruik is		2	
				'n Lys van ALLE verwysings (Bibliografie)		2	
					TOTAAL	10	
3. Vryhandtekene van TWEE moontlike ontwerpopslossings						Finale punt vir elke oplossing	
Assesseer elke vryhand-oplossing soos volg:	AL die geboukenmerke, insluitend stoep en motorafdak			1	Oplossing 1	10	
	Korrekte voorlegging van al die geboukenmerke			2			
	AL die toebehore ingesluit			1			
	Korrekte voorlegging van alle toebehore volgens SANS 10143			2			
	Relatiewe grootte/verhouding van ALLE kenmerke tot mekaar			2	Oplossing 2	10	
	Primêre byskrifte (1) + primêre afmetings (2) (1 + 2 = 3)			3			
	Oppervlakberekenings duidelik getoon & binne beperkinge			2			
	Ontwerp: funksionaliteit en effektiewe gebruik van spasie			2			
				Subtotaal = 15 ÷ 1,5 = TOTAAL	15		
(1 = 1; 2 = 1; 3 = 2; 4 = 3; 5 = 3; 6 = 4; 7 = 5; 8 = 5; 9 = 6; 10 = 7; 11 = 7; 12 = 8; 13 = 9; 14 = 9; 15 = 10)							
4. Kies die beste vryhandoplossing (Dit moet 'n aparte voorlegging wees.)							
Tabel geskep vir 'n maklik verstaanbare voorstelling van die kiesproses						2	
Minimum van SES beskrywende kriteria om te evalueer en te vergelyk						2	
Eenvoudige grad.skaal geskep & gebruik vir assessering van elke oplossing vir elke kriterium						2	
Elke punt geregverdig deur beskrywing van positiewe of negatiewe aspekte van elke kriterium						2	
Uitgebreide opsomming met redes vir die geselekteerde vryhandoplossing						2	
					TOTAAL	10	
5. Uitlegtekening en 'n prenttekening van geselekteerde oplossing							
Tekenvoorbereiding							
Tekenvelle van toepaslike grootte gebruik						1	
Korrekte rame op al die tekenvelle van al die werkstekene						2	
Volledige siviele titelpaneel wat voldoen aan SANS 10143 op eerste werkstekening se tekenvel						7	
LET WEL: Gebruik die 7-punt vereenvoudigde rubriek op bl. 45 van die IGO-KABV.					TOTAAL	10	
5.1 Gedetailleerde uitlegtekene van die voorgestelde nuwe gebou							
5.1.1	VLOERPLAN wat die volgende toon:						
Korrelasie met geselekteerde vryhandoplossing & opsomming van seleksieproses						1	
ALLE binne- en buitemure, insluitend ALLE arseringsbesonderhede en die daklyne						2	
ALLE deure en vensters						2	
ALLE permanente toebehore						2	
Gedetailleerde uitleg van die onthaalarea binne die silo						2	
ALLE elektriese toebehore en die bedradingsbesonderhede						2	
Afvalwater-afvoerstelsels (riolering)						2	
Titels, byskrifte en aantekeninge (2) + gedetailleerde afmetings (2) (2 + 2 = 4)						4	
Gesikhte skaal gekies & korrek aangedui (1) + snyvlak (1) + noordpunt (1)						3	
					Subtotaal = 20 ÷ 2 = TOTAAL	10	

ASSESSERINGSKRITERIA EN KONTROLELYS VIR DIE 2020 IGO SIVIELE PAT (HERSIEN)			
5.1.2	DEURSNEEAANSIG wat die volgende toon:		
	Snit korrek volgens die aangeduide snyvlak(ke)		2
	Fondasie, vloer en muurbederhede, besonderhede van die houtstoep ingesluit		2
	Deur(e) en venster(s) se besonderhede		2
	Dakbesonderhede van die huis en die stoep		2
	Byskrifte en aantekeninge		2
	Geskikte skaal gekies en korrek aangedui		1
	Gedetailleerde afmetings		2
	ALLE arseringsbesonderhede		2
	Subtotaal = 15 ÷ 1,5 = TOTAAL		10
(1 = 1; 2 = 1; 3 = 2; 4 = 3; 5 = 3; 6 = 4; 7 = 5; 8 = 5; 9 = 6; 10 = 7; 11 = 7; 12 = 8; 13 = 9; 14 = 9; 15 = 10)			
5.1.3	EEN AANSIG, wat 'n gedeelte van die stoep en rioolbesonderhede sal toon		
	Geskikte aansig gekies		1
	Eksterne muur- en ALLE ander eksterne eienskappe, die stoep en die VVV ingesluit		2
	Deur- en vensterbesonderhede		2
	Dakbesonderhede, wat reënwater-items insluit, van die huis, die silo en die stoep		2
	Afvalwater-afvoerstelsel (riolering)		2
	Aansig geteken volgens dieselfde skaal as die vloerplan		1
	TOTAAL		10
5.2	Gedetailleerde TERREINPLAN		
	Terrein korrek geteken en ALLE gegewe terreinbesonderhede/-kenmerke ingesluit		2
	Die volledige voorgestelde nuwe huise		2
	ALLE rioolbesonderhede		2
